LAERSKOOL WALVISBAAI

# Laerskool Walvisbaai

# Die Sleutelgat

UITGAWE I


28 FEBRUARIE 2020

## INHOUD


- Uit die hoof se kantoor.
- Gr I Sleutel Seremonie
- Atletiek 2020
- Ons nuwe Onnies
- Wallies in volstoom!
- Graad 7 Potjiekos kompetisie
- Kultuur Uitreik Projek
- Junior braai
- Graad 4 Uitstappie
- Senior braai
- Datums om te onthou
- Graad 7 Projek


## Uit die hoof se kantoor...

Sukses is nie om eerste te kom in 'n wedloop of om eerste te staan in die klas nie. Sukses is wanneer ons vir ons kinders waardes leer en hulle dit kan toepas om eendag in hul volwasse lewe 'n verantwoordelike grootmens te wees.




## Gr 1 Sleutelseremonie

2020 het ons met 'n nuwe tradisie begin - die sleutelseremonie vir gr. 1.

Dit simboliseer die oopsluit om met formele onderrig te begin. Die prefekte van 2019 het 'n pragtige houtdeur aan die skool geskenk waardeur die gr.1's instap nadat hulle 'n sleutel ontvang en 'n foto saam met hulle ouers neem. Dan word die deur oopgemaak en hulle stap in wat die begin van hulle skoolloopbaan in Laerskool Walvisbaai simboliseer.





## Krappe en Krewe!

6 tot 8 Februarie was die jaarlikse atletiekbyeenkoms van Laerskool Walvisbaai!

Met baie opwinding en pret het die dag afgeskop om 6uur die oggend.

Die tema wat beide spanne moes uitbeeld was "Die Ruimte"!

Onderwysers en kinders het baie hard saamgewerk om die dag perfek te maak!

Die leerlinge van Laerskool Walvisbaai los ons weereens verstom met die talent wat hulle het!

Baie geluk aan die Krewe wat die jaar 2020 beide die bekers huis toe gebring het!!!










# Janita van Heerden

Graad 3B

**1. Hoeveel jaar gee juffrou al skool?**

12 jaar

**2. Wat was die snaaksste ding wat met juffrou gebeur het in die jare wat juffrou al skoolhou?**

Die dag toe my pa en ma by die skool gekuier het en die kinders gedink het hy is my oupa.

**3. Wat is juffrou se gunsteling deel van skoolgee?**

Nuwe hulpmiddels maak, lesse meer kreatief aanbied en vir kinders boeke voorlees.

**4. Waarom gee juffrou skool?**

Ek is baie lief vir kinders en geniet dit om vir kinders te inspireer om meer kreatief te dink en om kuns te doen.

**5. As juffrou enige iets kon wees in die wêreld, nie 'n onderwyser nie, wat sou dit wees?**

Glasblaser of beeldhouer.

**6. Wat doen jy in jou vryetyd?**

Hekel, tuinmaak, lees, koekbak, verf, naaldwerk of stap met my honde.

**7. Wat is jou "motto in life"?**

Bly altyd nederig en sagmoedig.



# Bianchi Z Stuart

**1. Waaroor sou jy sê sal die leerders verbaas wees oor juffrou?**

Ek is 'n baie deursigtige mens met geen verborge agendas nie.

**2. Wat is juffrou sê gunsteling deel van skoolgee?**

Om kinders te sien groei en leer. Om die beste in elke kind na vore te bring.

**3. Waarom gee juffrou skool?**

Dit is fantasties om te kan sien hoe en wie elke kind word en om elke kind se vordering te sien en volg. Om

lewensvriendskappe te vorm.

**4. Wat doen jy in jou vrye tyd?**

Familie is vir my baie belangrik. Goeie insiggewende gesprekke, fiksheid, gesondheid, kuns en lees.

**5. Wat is jou "motto in life?"**

I never lose. I either win or learn.

**6. Hoe lank is juffrou al in die onderwys?**

Ek het 7 jaar berading gedoen en 4 jaar onderwys.



# Elizna Meyer

**1. Hoeveel jaar gee juffrou al skool?**

Dit sal my 7de jaar van skoolgee wees.

**2. Waaroor sou jy sê sal die leerders verbaas wees oor juffrou?**

Ek geniet musiek in die klas so ek sal gewoonlik saam begin sing of 'n funny dans doen, veral as ons kuns het op Vrydae.

**3. Wat is juffrou se gunsteling deel van skoolgee?**

Om kinders te leer, en aan die einde van die dag vir 'n paar minute voor huis toe gaan tyd te hoor hoe die kinders se dag was,en wat hulle geleer het.

**4. Waarom gee juffrou skool?**

Ek geniet dit om skool te gee en kinders te leer. Om elke dag vir hulle iets nuuts te kan leer, of om na hulle stories te luister. Veral "het juffrou geweet" vragies. En die briefies wat geskryf word en versier word op hulle manier.

**5. As juffrou enige iets kon wees in die wêreld, nie 'n onderwyser nie. Wat sou dit wees?**

Ek is baie lief vir die natuur en om in die bosveld vakansie te hou, so ek sou 'n wildbewaarder geword het of selfs 'n PH.

**6. Wat doen jy in jou vryetyd?**

Ek spandeer graag tyd saam my man, hou 'n lekker braai en kuier rustig. My hondekinders speel ook 'n baie groot rol in my lewe, hulle kry ook hulle liefde en omgee, en ek vat hulle graag vir uitstappies.

**7. Wat is jou "moto in life"?**

Leer elke dag iets nuuts!!

# Wallies in volstoom!






Wallies is slaggereed vir 2020. Ons doelwit is om al ons kleutertjies se sintuie te prikkel en te

sorg vir groot opwinding elke dag in 2020.

Ons klassies en speelterrein is opgegradeer vir beter stimulasie. Ons het ook klastroeteldiertjies

in elke klassie bygekry, wat ons kleutertjies gaan help versorg.

Ons begin ook Woensdae met Actikids. Hou hierdie spasie dop vir groot opwinding.







*Follow your dreams... They know the way! - Unknown*

# Grade 7 "Potjiekos" Competition




The grade 7 learners of Walvis Bay Primary School went to Dune 7 for their first field trip on January 2020.

They were divided into 6 groups with 6—8 members in each team. The learners had to show off their cooking skills by competing against each other in a "potjiekos" competition.

Each team had to decide on a theme and had to decorate their stall accordingly. The potjie dish had to match their theme.

By 8 o'clock the groups were settled in and the fires were burning invitingly. At 10h30 the judges visited the different teams and feasted on the delicious meals prepared.

In the first place was the Chica's with their Mexican chicken pot.

Local is Lekker schooped second prize with their curry chicken pot and in the third place was The Senoritas with their lamb pot.

This event is one of the biggest highlights the learners look forward to in grade 7.







# Kultuuruitreikprojek

Ons Kultuur 2020 het op 20 Februarie afgeskop met 'n uitreikprojek! Daar was100% Laerskool Walvisbaai deelname van leerlinge en personeel! Ons Laerskool Walvisbaai se kultuurharte is vol omgee… watch this space...











# JUNIOR OUERBRAAI



## Graad R tot 3



Op 'n winderige Dinsdagaand het die gr.R - tot 3-ouers 'n infomele, gesellige worsbraai by die skool gehou. Alhoewel daar nie so baie ouers was nie, het almal die samesyn en lekker worsbroodjies baie geniet.





# GRADE 4 FIELDTRIP

SALT REFINERY WALVIS BAY

On 19 February 2020, Walvis Bay Primary School's teachers accompanied the grade 4 students to the Walvis Bay Salt Refiners.

Here the children met up with Miss Percilla. She showed them a video about all the facts and important information regarding the Walvis Bay Salt Refinery.

The students were escorted to one of the salt piles where they could have a full sensory experience.












# Seniors Braai

20 Februarie

Die Senior primêr wil graag al die ouers bedank wat ons jaarlikse braai bygewoon het! Ons het lekker gesellig worsbroodjies gebraai en gesmul aan al die peuselhappies!

## DATUMS OM TE ONTHOU!!

1 Maart— Graad 6 - motiveringsweek

5 Maart— Graad 5 - Goanikontes

11 Maart— Graad 3 - uitstappie

12 Maart— Mr. en Mej. Laerskool Walvisbaai

23 & 24 Maart— Napso—atletiekbyeenkoms

26 Maart— Graad 7—koekverkoping








# Grade 7 Character Transformation Project

The grade 7's of Walvis Bay Primary School started their year off with Citizenship, which is one of seven transformation characteristics.

Our first project was to upgrade and improve a part of the school's garden. On Wednesday afternoon the 15th of January the learners came to school with a garden spade and fork where old plants were removed, new soil were added and new plants were planted.

The project continued on Thursday and the learners painted big pencils on the picket fence in beautiful, bright colours.

The grade 7's of 2020 learned that beautiful landscapes such as gardens comes with hardwork and effort.

